BLAKES: Span steeds onoorwonne - 15

Maties in eindronde - 15

16 Mei 2019 - 22 Mei 2019

Mobile Electric & Plumbing
38 Years to your service
• Alle werk gewaarborg
• Quality Maintenance
• New Installations
☎ 021 887 2155

NETWERK24
Eikestad NUUS
GRATIS | FREE
Nuus net vir jou sedert 1950

Drostdy-sentrum word herontwikkel

Duisende teken petisie

Danie Keet

Meer as 4 000 mense het al 'n petisie, *Save the Square*, geteken teen die herontwikkeling van die Drostdy-sentrum op die hoek van Bird- en Alexanderstraat.

Die historiese gebou, wat vroeër jare gewilde kuierplekke soos die Dros gehuisves het, gaan na alle waarskynlikheid in die afsienbare toekoms 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Dit sal beteken dat gewilde kuierplekke soos Tin Roof, Terrace, Catwalk en Stones hul deure sal moet sluit.

Die toekoms van die Drostdy-teater en die Cubana-restaurant blyk egter nie in gedrang te wees nie.

"Mense gis en fluister oor die teater se toekoms, maar omdat die teater in 'n historiese gebou geleë is, sal die ou gebou sensitief binne die groter beplanning ingesluit bly.

"Natuurlik is die teater dan heel veilig binne hierdie beoogde beplanning binne die ontwikkeling in geheel," sê Ingrid Howard van die Drostdy-teater, wat die afgelope sowat vyf jaar sy merk in die kulturele ervaring van baie Stellenbossers gemaak het.

"Die teater word volgende jaar vyf. Die vestiging van die teater was destyds met groot koste, baie vreugde en natuurlik baie harde werk.

"Daar is geen sprake dat ons hierdie wonderjare saam met die kunste en kunsskeppers sommerso in die wind sal gooi nie."

Pat Botha van die Stellenbosch-belangegroep (SBG) sê hulle het die aanvanklike planne bespreek en sekere aanbevelings gemaak, maar het nie toegang tot die finale voorstelle nie.

Volgens Petrus Erasmus, direkteur van ontwikkeling by Abacus, ontwikkelaars van die sentrum, is die nuwe kompleks vir gemengde gebruik, insluitend 'n hotel, residensiële eenhede, 'n teater en kleinhandelruimte, geoormerk.



'n Argiteksvoorstelling van hoe die herontwikkelde Drostdy-sentrum gaan lyk, met onder meer 'n hotel en residensiële eenhede ingesluit. Foto: Abacus Development

Inlas: Die Drostdy-sentrum soos dit tans daar uitsien. Foto: Danie Keet

Die bestaande kuierplekke gaan almal sluit.

"Die bestaande historiese Drostdy-gebou sal bly soos dit is. Die nuwe gedeelte, langs Birdstraat, sal drie verdiepings beslaan en effe teruggeplaas word, soos wat deur die verskillende owerhede vereis is.

"Daar sal ook 'n vierde en vyfde verdieping in die agterste hoek van die perseel gebou word sodat dit die verste afstand moontlik van Bird- en Alexanderstraat is, in pas met die vereistes van Erfenis Wes-Kaap.

"Goedkeuring vir die bouwerk is reeds verlede jaar by Erfenis Wes-Kaap bekom en ons het reeds ons openbaredeelnameprosesse voltooi. Finale goedkeuring berus nou by die munisipaliteit," sê Erasmus.

Volgens Erasmus het die Stellenbosch-belangegroep en Erfenis Wes-Kaap die projek gesteun, maar die Stellenbosse erfenisstigting het dit teengestaan. Hy sê hul kommentaar was gegrond op 'n ou voorstel en nie die een wat in die openbaredeelnameproses voorgehou is nie.

Die munisipaliteit het bevestig 'n aansoek ten opsigte van die perseel is ontvang. Dit word tans verwerk en totdat die proses voltooi is, kan hy nie verder kommentaar lewer nie.